Vrydag **4 Oktober**

**Skrifgedeelte: Genesis 6:9-22**

**Fokusgedeelte: Genesis 6:11-13, 18**

**Noag se gehoorsaamheid in die belofte van God se nuwe verbond**

Wanneer ons die Skrif bestudeer, moet ons altyd die Ou Testament interpreteer in die lig van die nuwe verbond in Christus. Jesus het dit self in sy bediening bevestig (Matt. 5:17-20). Ons bely dat die doel van die ou verbond Christus is. Die gelowiges wat voor Jesus gekom het, het hartstogtelik verlang dat God sy koninkryk sal vestig (Heb. 11:13-16). ’n Voorbeeld van hierdie verlange vind ons in hierdie gelowiges se gehoorsaamheid.

Noag is ’n paradigma van koninkrykslewe, want die geregtigheid wat hy beoefen het, het uit geloof voortgevloei (Heb. 11:7). Hierdie heiligheid was geensins die basis vir sy regverdiging nie – God het hom steeds deur sy geloof alleen aangeneem. In sy kommentaar oor Noag se geregtigheid in die lig van die goddeloosheid van sy generasie, bied Johannes Calvyn insig in hoe hierdie gelowige uit die ou verbond vir ons ’n model is. Waar God verklaar dat almal op aarde verderflik geraak het (vs 12), moes dit vir Noag besonder moeilik gewees het om te volhard om God voor die vloed gehoorsaam te aanbid. As Noag dit egter in sy dag kon doen, kan ons wat onder die heerliker nuwe verbond leef, soveel meer dieselfde doen, deur die krag van die Gees (Hand. 1:8; 2 Kor. 5:17). Calvyn skryf: “Soos egter die unieke deug van Noag hier geprys word, laat ons dus onthou dat ons geleer is wat ons behoort te doen, al het die hele wêreld na sy eie vernietiging gehaas.”

As Christene is ons almal besorg om Christus in die middel van ons lewens te plaas. Om Jesus egter in die middel van ons aandag te plaas, behels meer as net intellektuele instemming met sy lering of ’n mondelinge bevestiging van vertroue. Soos die apostel Jakobus duidelik maak, is ons nie Christusgesentreerd of navolgers van Hom as ons nie die voorbeelde volg van diegene wat met God gewandel het en goeie werke van gehoorsaamheid gedoen het nie (2:14-26).

*Sing: Psalm 40-1:4*

*Ds. GD (Orrie) Oosthuizen (Vaalharts)*